# 19 Januarie 2025

Rom. 12: 2

# Polsslag



Gereformeerde Kerk Benoni

## Adres

24b Miles Sharpstraat, Rynfield, Benoni, 1514

## Kerkkantoor ure

Maandag – Vrydag: 09:00 – 16:30

## Predikant

Ds. Rynhardt Pretorius
074 944 7769

## Pastorale berader

Ds. Louis Buys
082 927 2034

## Kontakbesonderhede:

Kerkkantoor:
011 849 2054
063 640 9304

admin@gkbenoni.co.za

www.gkbenoni.co.za

**Kontak ons gerus by die kerkkantoor vir enige navrae, versoeke vir huisbesoeke en/ of siekebesoeke.**

KOM MAAK GERUS 'N DRAAI BY DIE KERKKANTOOR TUSSEN 9:00 EN 16:00 VAN DINSDAE TOT VRYDAE

# Die algemene Christelike kerk

***Dr. Wim Vergeer***

"Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek." EFESIËRS 3:18

Ons eerste gedagtes en belewenisse van die kerk is nooit dat die kerk algemeen voorkom nie. Die plaaslike gemeente is vir ons kerk en ander kerks is vir ons ver. Met verkykers bespied en verken ons ander kerke. Hoe jammer dat ons meestal die verkykers ook nog verkeerdom vashou! Daarom lyk alles vir ons "daar oorkant" maar baie klein en vaag en selfs verkeerd.

In Paulus se gebed vir die Efesiërs sien ons dat God anders na kerk kyk. Die HELE gemeenskap van gelowiges wêreldwyd het hulle bestaan aan Hom te danke. Vir God is die gelowiges van verskillende kerke baie naby aan mekaar. Hulle is één kerk van wie Hy die God en Vader is. Dit geld selfs vir gelowiges wat reeds gesterf het! Al is alle bande met ons geliefdes wat gesterf het, afgesny, behoort ons nog aan dieselfde kerk!

Tye het so verander dat gelowiges van verskillende kerke baie nader aan mekaar moet begin lewe – nie net omdat God ons almal se Vader is nie, en nie net ter wille van oorlewing nie, maar ook om, soos in vers 18 gesê word, "SAAM MET AL DIE GELOWIGES te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek."

Waar daar 'n groter uitsig op en betrokkenheid by ander kerke kom, groei die belewenis, die insig en die begrip van die liefde van Christus ook. Só sal ons saam in liefde gewortel en gegrondves bly, soos wat in vers 17 bely word! Dit is tyd om die verkykers reg te draai.



*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

**Buitedeur kollekte vandag:**

**Kerkkas**

Snap here to pay

**SKAKEL**

**Kollektes 12 Januarie**

**Diens van barmhartigheid: R5 664**

**Teologiese Studente Hulpfonds:R 1 670**
**Snapscan: R387.85**

## Kerkkas:

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 220 340 333
**Verwysing**: Volle Naam, Van & Doel


**Bankbesonderhede: Diens van barmhartigheid:**

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Diakonie Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 022 028 0004
**Takkode:** 632005
**Verwysing**: Diens van Barmhartigheid

**DIENS VAN BARMHARTIGHEID:**

Snap here to donate

**SKAKEL**




Reg deur die Bybel is die koninkryk van God 'n baie sterk en sentrale tema. Ons sien hoe die Koninkryk ontvou in hoe ons meer en meer daarvan leer en dit uiteindelik op 'n nuwe manier deurbreek in die koms van Jesus. Die koninkryk neem daarom ook 'n baie sentrale plek in die verkondiging en bediening van Jesus in.

Die koninkryk van God is die plek waar God regeer/heers. Dus, wanneer Jesus sê dat die koninkryk naby is, bedoel Hy dat sy heerskappy op hande is en dat jy gaan sien hoe God se koninkryk lyk in die lewe en bediening van Jesus. Verder word 'n reaksie verwag wanneer die Koning kom regeer met oproep: 'Bekeer julle'. 'n Dissipel moet wegdraai van sy ou manier van lewe en die heerskappy van die Koning omhels.

Dus moet jy verstaan die Koninkryk nou reeds gevestig is en die kerklidmate moet nóú reeds as koninkryksburgers leef. Daar is wel verskeie dinge van die koninkryk wat nog moet kom (nog nie). Ons gesels oor die reeds en die nog nie en hoe ons as kerk nou reeds die koninkryk moet leef.

**KINDERS: KYK UIT VIR DIE NUWE KINDERBLAADJIE IN DIE VOORPORTAAL**




Ons leef in moeilike (geloofs)tye. Die liberale teologie reduseer die Bybel tot legendes en mites. Maar as jy die Here en die Bybel ernstig opneem, kom jy te staan voor die Here Jesus se uitspraak hier in Jh 14 – niemand gaan na die Vader toe buite Hom om nie. Hy is die Weg, die Waarheid en die lewe. Gelowiges vat hierdie uitspraak ernstig op!

Die mens is geskep om op die Here se pad te loop. Die hele Ou Testament is vol van aanmanings vir die volk van die Here om op Sy pad te bly, maar ook vol van mislukkings. Toe die volk in ballingskap beland, haal die Here hulle uit Egipte weg... en sluit 'n verbond met hulle. Die verbond wys Sy pad duidelik aan. Maar Israel misluk, en land wéér in slawerny. In Babel. Hier gee die Here 'n belofte van 'n nuwe pad. Wat dui op verlossing uit Babel, maar ook profeties vooruitwys na Jesus – wat God se pad kom wys. Die nuwe begin word deur Johannes die Doper aangekondig.

Jesus se nuwe begin vat ons weg van dooie vormgodsdiens na 'n nuwe verhouding met die Vader. En dit gebeur deur 'n Pad wat deur Jesus oopgebreek is. 'n Pad wat loop oor Golgota, wat berus op dp die leuens van Jesus se beskuldigers en Jesus se dood. En tog is Jesus die Weg, die Waarheid en die Lewe. Hy het vir ons die pad voorgeloop, sodat ons nou on sy voetspore kan volg as dissipels – om weer op die Vader se pad te wees! Alles in die krag van die Heilige Gees.

## VERJAARSDAE HIERDIE WEEK

**19 Januarie**
Jaco van Schalkwyk

**20 Januarie**
Denise Fourie

**21 Januarie**
Marco Daüth

**22 Januarie**
SJ Jansen v Vuuren #

**23 Januarie**
Peet Duvenage
Helgard Potgieter

**24 Januarie**
Edwin Calitz
Odette Flusk
Cambré Steyn


**25 Januarie**
Alta Pretorius *

***Dooplidmaat #***
***≥70 *   ≥80 *****
***≥90 ******

**MAG DIE HERE JULLE RYKLIK SEËN EN BEWAAR IN DIE KOMENDE LEWENSJAAR!**

## KOINONIA


- Elma Venter het verlede naweek geval en haar kop beseer. Sy moes steke kry, maar het gelukkig weer vinnig herstel.
- Schalk Venter is in die hospitaal opgeneem vir 'n rugoperasie, maar word eers vir verlaagde nierfunksie behandel.
- **Gelukwensings:** Baie geluk aan ons gemeente se matrieks van 2024 met jul uitslae! Mag die Here jul seën in die nuwe hoofstuk van jul lewe.
- **Meegevoel:** Dick van Wyk is in die week oorlede. Sy troosdiens vind komende Vrydag om 11:00 vanuit ons kerkgebou plaas.




## 2025 Almanakke

Die GKSA 2025 Almanakke is teen R130 beskikbaar by Lidia Venter.




## 2025 Kerkkalender

A4 en A5 swart en wit kalenders is gratis beskikbaar in die voorportaal. Neem gerus een per gesin.

**A4 kleur fotokalenders** is beskikbaar teen bestelling vir **R60**. Kyk gerus na voorbeelde in die voorportaal.
Bestellings sal tot **19 Januarie** geneem word.

Bestellings word by **Lidia Venter** (063 640 9304) gemaak. Betaling bevestig jou bestelling.

## 2025 Preektema handleiding

Die Preektema handleidings word in die komende week elektronies versprei.

Vir harde kopieë is pryse as volg:
A5 @ R35
A4 @ R60
Bestellings sal tot **19 Januarie** geneem word.

## BELANGRIKE DATUMS HIERDIE MAAND

**19 Januarie**
Katkisasie opening

**21 Januarie**
Strategiese Diensgroep vergadering

**22 Januarie**
Palms Nuwejaarsfunksie
Blokvergaderings: Blok C & E

**26 Januarie**
Katkisasie

**27 Januarie**
Bybelskool opening

**29 Januarie**
Blokvergaderings: Blok B en F













### Alle Dust Ouers en Tieners:



Kontak asb vir **Tanya Weideman (072 125 7085)** as jy nog nie op die **Dust Whatsappgroep** gelaai is nie. Hierdie groep word gebruik vir die nodige afkondigings en reëlings rondom Dust se aksies/ bybelstudies en jaarlikse kamp.

### NAME VAN MOONTLIKE PREDIKANTSKANDIDATE VIR BEROEPING

Daar is nog slegs tot vandag geleentheid om name op te gee van moontlike predikantskandidate vir beroeping.

Laat weet asb. vir Pieter du Plessis, ds Rynhardt Pretorius of Lidia Venter as jy nog 'n naam wil opgee.

### PASTORALE BERADINGSKURSUS WOEDE AS 'N DESTRUKTIEWE MAG – PASTORALE PERSPEKTIEWE

Zoom aanbieding Prof Wentzel Coetzer
Kursus oop vir almal
**Dinsdag 4 Februarie 2025**
**Tyd**: 09.00 – 13.00
**Koste**: R275 pp
Handboek te koop (opsioneel): R370 (R250 plus R120 koerier koste)
**Navrae**: 0836600409 of e-pos: wentzelc@gmail.com
Dis ook moontlik om te registreer en die kursus op 'n later datum te volg.
**Registrasievorm**: https://forms.gle/2GoE56NrEwsGWvyN6

# Leer ken jou mede lidmate

## Die “Nelgesin”: Ruan, Evette, Sone & Tayana



Ons “Nelgesin” is ‘n sinoniem vir chaoties, maar met ‘n oormaat van liefde wat na elke gesinslid toe oorloop. Ons, behalwe Sone, hou nie baie daarvan om te gaan draf nie. Ons eet liewer “Chukkels” terwyl daar ‘n Orkney Snork Nie fliek speel.

Die Broek van die huis is Ruan. Hy is baie ingenome wanneer hy met sy klein vliegtuigies rondspeel, maar kan knorrig raak wanneer goed uit plek is (OCD). Die Belt van daardie broek is Evette. Sy is soos elke ma ‘n ‘’huishen” wat op die eerste dag van skool haar oë uithuil en se sy mis haar baba lyfies of dat hulle te vinnig grootword.

Sone is ons gesin se derde ouer. Sy droom dat Tayana haar soos ‘n matrikulant behandel (wat sy egter nie doen nie). Tayana is die angsballetjie in die huis wat altyd die reëls moet nakom. Sy is die verantwoordelikste een. Maya en Zoey, ook geken as Wurm en Mot, is ons Jack Russels. Hulle is soms gehoorsaam…




Ruan & Evette

Ruan is gebore in Boksburg en Evette in Krugersdorp waar hulle liefdesverhaal soos ‘n blommetjie begin spruit het en daarna na Kempton Park verhuis het. Ons klein hegte gesin bly tans in Benoni waar elkeen die kans waag om te floreer. Met die hulp van God se genade het ons nie gaan studeer nie, maar bewys dat enige iemand hul drome kan aangryp met Jesus se hand wat styf om ons vasgryp.

Met al Jesus se seëninge van ons gesin na joune!



Sone



Tayana

# Help give God's Word to God's people!

## 2025



## GO!

During a Bible placement, you will travel to some of the most hidden and beautiful regions, all while visiting newly planted churches, praying with fellow believers, and handing them their very first Bible.

### 1,000 BIBLES FOR LESOTHO

| WHERE | WHEN | GOAL |
|---|---|---|
| Lesotho | 24 - 27 January 2025 | 1,000 Sotho Bibles |

Please be aware that dates and locations may change at any time if there are extenuating circumstances, but you will be kept informed should that happen, and rearrangements can be made.



"Whom shall I send? And who will go for us?"
Isaiah 6:8

## Pray

Whether you join in person or not, we invite you to pray with us. Cover the practicalities of the trip in prayer and pray for every believer who will receive a copy of God's Word.

## Give

The financial support of friends like you is vital to help achieve this mission. Prayerfully consider a gift of R4,000 today, to help plant a church, train a pastor, and deliver a box of Bibles to the newly planted church.

**Details for Direct Deposits**
Harvesters Ministries, ABSA Bank
Westgate (Branch code: 632005),
Account no: 4075041297
Reference: LM/ML/Name

**OR** Give ONLINE
www.harvestersministries.com

**OR** scan below to give ...

zapper

SnapScan



"With this new Bible, I will not only read it for myself, but at the same time I will help other people to come to Christ"
Pastor Kate Molly, Uganda

## Contact Us

Leon Marais: 0824168144 – leonmb4b@gmail.com
André Jooste: 0828517505 – andre@harvestersministries.com

Harvesters
MINISTRIES

*U word hartlik uitgenooi na die*

# SUSTERSAAMTREK 2025

***TEMA: JULLE IS 'N BRIEF VAN CHRISTUS (2 Kor 3:3)***

**DATUM:** DV Saterdag 8 Maart 2025
**TYD**: Registrasie open 08:00, funksie begin 09:00
**PLEK:** Dalpark Kaleo Gemeente (Boekenhoutst, 22 Dalpark, Brakpan)

**SPREKER:** Liesel Krause Wiid
**GASKUNSTENAAR:** Musikale Ensemble

**KOSTE:** R180 p/persoon
**RSVP:** Voor of op 20 Februarie 2025 (gelde betaalbaar voor of of 27 Februarie 2025)

**NAVRAE:** Mariana Kruger (083 709 9973) of Marietjie van Jaarsveld (066 529 0837)

# PREEKNOTAS

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................